SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 31 DESEMBER 2006

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. U kan ook na hierdie oggenduitsendings luister deur per Echolink met ZS6FCS te koppel of na www.zs6mrk.org te gaan en die daar aangeduide skakels te volg. Hierdie, en vorige bulletins, kan ook van die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

Hierdie uitsending word gedoen deur George, ZS6NE, vanuit Pretoria met herleidings op 14,235, 7,066 en 3,695 MHz asook 438,825 MHz in die Pretoria gebied. (Ander nuuslesers verander soos nodig).

STIL SLEUTELS

Dit is met diep leedwese dat die Raad van die SARL die afsterwe van vyf radioamateurs gedurende die afgelope week moet aankondig.

John Hugo, ZS2J, van Bathurst is op 76-jarige ouderdom oorlede. Behalwe dat hy 'n aktiewe radioamateur was, was John ook 'n begaafde skilder sowel as president van die Port Alfred Kunsklub.

Keith Fenton, ZS1YC, is op 24 Desember in Mosselbaai oorlede, hy was 70 jaar oud. Hy laat sy vrou Susan, 'n seun en dogter na.

Andrew Bryson, ZS2OM, van Oos-Londen is in die ouderdom van 81 jaar oorlede.

Bert Belling, ZS5AO, van Durban is op 92-jarige ouderdom oorlede. Hy laat sy vrou en familie na.

Dewald Voight, ZS1FRD, 'n ingenieur en wetenskaplike is op Vrydag 22 Desember 2006 in Antarktika oorlede na 'n ongeluk met 'n skidoo. Dit het gebeur kort nadat hy by die SA Antarktiese stasie, SANAE, opgedaag het.

Ons betuig on innige meegevoel aan al die oorledenes se families en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

SARLNUUS KYK NA GEBEURTENISSE VIR 2007

DIE MEES UITSTAANDE AMATEURRADIOGEBEURTENIS VAN 2006

"CQIR - IRELAND CALLING"

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir die volledige berigte oor die voorgenoemde items, sowel as ander belangrike en interessante berigte.

SARLNUUS KYK NA GEBEURTENISSE VIR 2007

Met nog net een dag voor 2007 kyk SARLNuus na wat die SARL vir 2007 beplan.

Die AJV is 'n besonderse gebeurtenis. Dit word op 14 April 2007 by die Nasionale Amateurradiosentrum in Gauteng gehou. Daar is 'n aantal interessante items vir bespreking op die agenda. Besonderhede sal in die AJV-boekie gepubliseer word, dit sal teen einde Februarie beskikbaar wees.

Kort op die hakke van die AJV is die Radiotegnologie-in-Aksie-program wat op 21 April in Durban afskop.

Die openingsaktiwiteit sal 'n aanbieding deur Tony Voorveld, ZS6CCD, wees, in die vorm van 'n lesing en demonstasie getiteld "The crown of cups". Die jaar 2000 was die viering van die 200ste herdenking van die uitvinding van die battery deur die Italiaanse fisikus Alessandro Volta. Op 20 Maart 1800 het Volta in 'n brief aan Sir Joseph Banks, President van die Koninklike Instituut in London, die uitvinding van wat hy sy "Voltaic Pile" genoem het, bekend gemaak. Hierdie vroeë uitvinding van Volta en die daaropvolgende verbeteringe van verskeie tipes batterye deur die 19de eeu het die tegonlogiese vordering wat net aanvaar is in die 20ste eeu moontlik gemaak. Tony se lesing sal goed toegelig word met verskeie eksperimente van die tyd.

In die tweede voltallige byeenkoms sal Dr Lee-Anne McKinnell, ZS2LAW, van die Ruimtewetenskapgroep, Hermanus Magnetiese observatorium 'n lesing aanbied getiteld "Research in ionospheric radio propagation".

Die Hermanus Magnetiese Observatorium (HMO) het 'n aktiewe ionosferiese navorsingsgroep wat 'n belangrike rol speel in die modellering van die gedrag van die ionosfeer vir die doel van HF-radiovoortplanting. HMO bestuur ook die Suid-Afrikaanse Ionospferiese datasentrum waar data vanaf die SA ionosondenetwerk versamel en kwaliteit beheer word. 2007 beloof om 'n opwindende jaar vir SA ionosferise navorsing te wees, met 'n beplande uitbreiding aan die ionosondenetwerk asook die implementering van 'n streekswaarskuwingsentrum vir Space Weather in Afrika. Hierdie aanbieding sal fokus op 'n oorsig van beskikbare ionosferiese bronne, die tegnieke wat vir modellering van die ionosfeer gebruik word en die implikasies wat dit inhou vir die voorspelling van HF-voorplantingtoestande in die toekoms.

Die derde voltallige byeenkoms is 'n aanbieding deur Dr Gert-Jan van Rooyen van die Universiteit van Stellenbosch. Hy sal praat oor Kognitiwe Radio, 'n opkomende tegnologie wat 'n meer intelligente gebruik van die radiospektrum behels. Omtrent alle radios vandag word passief bedien in 'n sekere modus, op 'n sekere band, teen 'n sekere seinsterkte en moet gereeld deur die bediener verstel word om die kommunikasie te verander. Met die koms van sagteware gedefineerde radios (SDR) word dit moontlik vir radios om hulle eie kommunikasieparameters te beheer. Byvoorbeeld, 'n radio wat kennis neem van stil kanale en die seinsterkte ontvang om sodoende outomaties die beste band, modus en kraguitset vir 'n afgeleë stasie te bepaal.

Vir die jonger geslag sal daar 'n praktiese satellietlesing wees wat Cricket Sat, 'n klein satellietvrag wat met 'n ballon gelanseer kan word, bekendstel. Die lesing sal 'n aanbieding oor Sumbandilasat insluit.

Besoek www.sarl.org.za vanaf middel Januarie vir gereelde opdaterings oor die RTA. Maak intussen 'n nota van die datums wanneer die RTA in jou omgewing sal wees; KwaZulu-Natal 21 April, Ooskaap 19 Mei, Weskaap 2 Junie, Vrystaat 21 Julie en Gauteng 18 Augustus.

As jy 'n interessante ondervinging gehad het wat jy met ander radioamateurs en elektronikaentoesiaste wil deel, stuur 'n e-pos aan armi@sarl.org.za vir moontlike insluiting van jou aanbieding in die program in jou area.

WAT WAS DIE MEES UITSTAANDE AMATEURRADIOGEBEURTENIS VIR JOU IN 2006?

Amateurradio het so 'n groot verskeidenheid geleenthede dat daar iets vir almal is om te geniet. Wat was die mees uitstaande amateurradiogebeurtenis vir jou in 2006? Stuur 'n paar lyne aan armi@sarl.org.za. Jou bydrae sal deel word van 'n trekking vir 'n nuwe boek getitel "Shortwave DX" deur DL2VR, gepubliseer deur die DARC en wat aan SARLNuus geskenk is deur die SA Amateurradioontwikkelingstrust. Die trekking vind op 12 Januarie plaas, so stuur jou bydrae so spoedig moontlik.

CQIR - IRELAND CALLING

In 2007 vier die Irish Radio Transmitters Society die 75ste herdenking van sy stigting in 1932. As deel van die jubileumvieringe, organiseer die vereniging 'n internasionale radiokompetisie, "CQIR - Ireland Calling." Vir hierdie kompetisie beteken Ierland die eiland van Ierland asook die seewaartse eilande - beide EI en GI. CQIR is 'n enkele gebeurtenis met 'n verskil - die verskil is dat ons wat buite Ierland is, en wat 75 of meer QSOs het, die geleentheid het om 'n besoek aan Ierland te wen. Die volledige reêls en graafskapkodes is op www.irts.ie.

KOMPETISIENUUS

Die jaarlikse Hunting Lions in the Air kompetisie vind plaas oor die naweek van 13 en 14 Januarie 2007. Die kompetisie begin om 00:00 UTC en eindig 48 uur later met foon- en GG-werking op 80, 40, 20, 15 en 10 meter. Echolinkaktiwiteit is ook toelaatbaar. Die doel van die kompetisie is om 'n gees van internasionale verstandhouding en samewerking te skep en welwillendheid te kweek tussen radioamateurs en Lions deur middel van wêreldwye radiokommunikasie. Die kompetisie vier die verjaardag van die stigter van die Lionsorganisasie, Melvin Jones, wat op 13 Januarie 1879 by Ft. Thomas in Arizona, VSA gebore is.

Die kompetisie is as volg oop vir alle radioamateurs en kortgolfluisteraars: Klas 1 deelnemers is radioamateurs met geen Lion-affiliasie nie. Klas 2 deelnemers is radioamateurs wat namens 'n Lion, Lioness of Leo-klub deelneem. 'n Radioamateur in klas 2 kan of 'n lid of nie 'n lid van 'n Lionsklub wees nie vir wie

hy/sy deelneem. Stasies in klas 2 moet “Lion” teken en in die logstate as /L aangetoon word.

Die volgende kategorieë is per klas toelaatbaar: A) enkeloperateur, alle bande, enkelsender; B) multi-operateur, alle bande, enkelsender; C) kortgolfluisteraar (KGL).

KLUBNUUS

Die Maglies Radioamateurklub hou ’n vlooimark op 27 Januarie 2007 by hulle klubhuis op die hoek van Breyerlaan en Millstraat, Waverley, Pretoria. Besigheid begin om 09:00. As jy ’n verkoper is en jy het nie jou eie tafels nie, kontak Nico, ZR6AFJ, per e-pos na ndtoitn@telkomsa.net of by 082 772 2556. Kostse is R20 per tafel en R20 per kattebak. As jy jou eie tafel/s bring is die koste nog steeds R20 per tafel.

Vir regtingaanwysings na die klubhuis, besoek asseblief www.zs6mrk.org.

VOORPLANTINGSVERSLAG

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag tot laag sal wees. Die verwagte geomagnetiese veld wissel van stil tot lae stormvlakke gedurende 2 tot 4 Januarie. Die verwagte effektiewe sonvlektelling sal gedurende die komende week minder as 15 wees.

20 m en 40 m is die beste keuse vir DX met moontlike 20 m openinge vanaf 07:00 SAT en weer om 14:00 na die Ooste. Vanaf ongeveer 18:00 is daar ’n moontlike kort 20 m openinge na Europa. Vanaf 18:00 is daar moontlike 15, 20 en 80 m openinge na die Verenigde State. Vir die morsekode- en digitale entoesiaste kan dit lonend wees om 10 MHz te monitor.

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

08 Januarie 2007 - NARS open; 13/14 Januarie 2007 - Hunting Lions in the Air; 19/21 Januarie 2007 - PEARS Nasionale BHF/UHF-kompetisie; 27 Januarie 2007 - Magalies Vlooimark; 3 Februarie 2007 - ERB Vlooimark; 16 Februarie 2007 - Sluitingsdatum vir nominasies vir Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekennings; 1 Maart 2007 ZU-lisensie-eksamen; 14 April 2007 - SARL-AJV.

Die Raad van die SARL en die SARLNuus span wens alle luisteraars ’n gelukkige en voorspoedige nuwe jaar toe. Dankie aan die verskillende herleistasies vir hulle ondersteuning die afgelope jaar. Ons vertrou dat ons hulle ondersteuning nog vir baie jare sal kan geniet.

Sarlnuus maak staat op nuusitems wat vir radioamateurs van belang is en deur klubs en individue ingestuur word. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag

wat die bulletin voorafgaan. Dit sal waardeer word indien u dit in Afrikaans sowel as Engels sal doen.

Die SARL nooi ook alle luisteraars om elke Sondagoggend om 10:00 SAT na die program Amateur Radio Mirror International op 145,750 MHz in die Pretoriagebied, en op verskeie ander herhalers, en met herleidings op 7 082, 7 205 en 17 695 kHz, te luister. Oudiostrome is ook vanaf www.zs6mrk.org sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS, soos vir hierdie bulletin, beskikbaar. 'n Heruitsending vind Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz plaas. Telkom en Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS/2, saamgestel en vertaal is.

'n Voorspoedige week word aan almal toegewens, 73.

/EX